higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1400**(E)**(J7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE REG N6

(13030136)

7 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE REG N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 In 'n administratiefregtelike verhouding moet een van die partye (subjekte) 'n staat wees.

1.1.2 Die regte en voorregte van private individue word weggeneem wanneer hulle 'n administratiefregtelike verhouding (kontrak) met 'n staatsorgaan aangaan.

1.1.3 Wanneer die tolk in die geregshof interpreteer, hoef hy/sy nie streng by die bewoording van die reg te hou nie.

1.1.4 Hersien of hersiening word gebruik wanneer daar teen administratiewe optrede beswaar gemaak word.

1.1.5 Geskrifte van moderne skrywers is een van die bronne van administratiefreg.

1.1.6 In 'n verhouding van onafhanklike beheer het een staatsorgaan die bevoegdheid om die handelinge van die ander gesag goed te keur.

1.1.7 Delegering kan omskryf word as die oordrag van gesag van 'n hoër persoon of liggaam na 'n laer persoon.

1.1.8 'n Regsubjek kan omskryf word as enigiemand of enigiets wat die draer van regte en verpligtinge kan wees.

1.1.9 Gemenereg is die reëls wat nie vir die hele land geld nie.

1.1.10 Wetgewing is 'n groep regsreëls wat die hele samelewing bind.

(10 × 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die persoon wat die eis instel, staan bekend as die (a) ... en die persoon teen wie die aksie ingestel word, staan bekend as die (b) ... (2 × 2) (4)

1.2.2 Die (a) ... van Appèl het jurisdiksie in die hele Suid-Afrika en is gesetel in (b) ... (2 × 2) (4)

1.2.3 Die ... howe hanteer die gebruiklike vraagstukke ingevolge die gewoontereg. (2)

1.2.4 Opvolgingsreg hanteer ’n persoon se ... ná sy/haar dood. (2)

1.2.5 ’n Polisiebeampte tree op as ... en moet orde in die hof handhaaf en veiligheid verseker. (2)

1.2.6 Soewereiniteit beteken dat daar in elke staat ... is wat nie aan enige ander gesag onderworpe is nie. (2)

1.3 Verduidelik die leerstuk van die skeiding van magte, soos dit in Suid-Afrika toegepas word. (9)

1.4 Volgens die staatsaanspreeklikheidsreg kan die staat aanspreeklik gehou word vir ’n delik of wederregtelike handeling deur ’n burger.

Noem VIER voorwaardes met betrekking tot die instelling van ’n eis in die staatsaanspreeklikheidsreg. (4 × 2) (8)

1.5 Die legaliteitsbeginsel verklaar dat ‘niemand doelbewus in die uitvoering van administratiewe optrede benadeel mag word nie’.

Noem VYF dinge wat ’n administratiewe liggaam moet volg wanneer die legaliteitsbeginsel toegepas word. (5 × 2) (10)

[63]

TOTAAL AFDELING A: 63

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik wat die term *mandamus* beteken. (3)

2.2 Noem DRIE funksies van die NDOV (Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging). (3 × 2) (6)

2.3 Onderskei tussen die *goue interpretasiereël* en *letterlike uitleg van wette*. (4)

2.4 Een van die fundamentele interpretasiereëls verklaar 'dat die tolk nie van die bewoording van die reg' mag afwyk nie. Verduidelik hierdie fundamentele reël. (10)

2.5 Noem VIER voorbeelde van multilaterale administratiewe verrigtinge. (4 × 2) (8)

2.6 Identifiseer die toetse wat Wiechers aanbeveel om vas te stel of bepaalde verrigtinge geregtelike verrigtinge is. (12)
[43]

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen formele en materiële toetse. (16)

3.2 Mev X is 'n getroude vrou wat saam met haar eggenoot (mnr Y) en kinders woon. Sy is reeds ses jaar getroud. Mnr Y is verslaaf aan alkohol en dwelms. Hy drink en gebruik daagliks dwelms. Elke dag wanneer hy tuiskom, mishandel hy sy vrou en kinders deur hulle sonder rede te slaan. Mev X is moeg vir mnr Y se optrede.

3.2.1 Mev X kan om 'n hofinterdik aansoek doen om te verhoed dat haar vrouslaner-eggenoot haar mishandel. Wat beteken die term *interdik*? (3)

3.2.2 Noem TWEE tipes interdikte. (2)

3.2.3 Beskryf elke interdik wat jy in VRAAG 3.2.2 genoem het. (4)

3.3 Identifiseer SES interne uitleghulpmiddels. (6)
[27]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem die DRIE tipes delegering en omskryf elkeen. (12)

4.2 Noem VIER afdelings van publieke reg. (4)

4.3 Verduidelik wat met buitelandse reg bedoel word. (2)

4.4 Noem VYF aspekte wat deur buitelandse reg gedek word. (5)

4.5 Omskryf die volgende begrippe:

4.5.1 Saaklike regte

4.5.2 Intellektuele eiendom

(2 × 2) (4)
[27]

VRAAG 5

5.1 Gewoontereg word nie as regsreël deur ’n geregshof erken nie, tensy dit aan sekere voorwaardes voldoen. Noem hierdie voorwaardes. (8)

5.2 Bespreek die Grondwet as ’n bron van administratiefreg. (12)

5.3 Verduidelik die samestelling van die konstitusionele hof. (6)

5.4 Noem DRIE funksies van die griffier van die hoë hof. (6)

5.5 Wat kan nie deur die openbare beskermer ondersoek word nie? (6)

5.6 Wie is die huidige openbare beskermer? (2)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 137
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou